

17 Augustus

**Skrifgedeelte: Efesiërs 6:1-4**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 6:1**

### **Gesag en gehoorsaamheid: ouers en kinders**

Daar word dikwels gesê ouers en kinders leef in twee verskillende wêreld: daar is 'n generasie-gaping, 'n diep kloof tussen die ouer en die jonger geslag. Tog leef ons almal saam in een wêreld – en daar is ook 'n bloedband tussen ouers en kinders. Daarom kan ons nie werklik praat van 'n generasie-gaping nie, maar eerder van 'n sonde-gaping. Want sonde trek verhoudinge skeef, bring verwydering, en vervreem mense van mekaar.

In ons teks word die kinders daaraan herinner wie hulle eintlik is: Gelowiges! En hulle word beveel: wees *as gelowiges* aan julle ouers gehoorsaam. Dit plaas die verhouding tussen ouers en kinders op 'n hoër vlak as net die menslike – die verhouding tussen gelowiges en die Here. Ouerlike gesag – trouens alle gesag – kom van die Here. Net soos alle maatskaplike verhoudinge uit die gesin ontspruit: uit die gesin kom die skool, staat, kerk en al die ander instelling. Die gesin is dus die wieg waaruit alle ander verhoudinge ontspruit. En as hierdie bron troebel geword het, vertroebel dit ook alle ander verhoudinge. Ongehorsame kinders word ongehoorsame leerders, opstandige staatsburgers en ontroue kerkgangers.

Hier het ons die kernprobleme van ons tyd. Die oortreding van die wet (vyfde gebod) is dan ook opstandigheid en ongehoorsaamheid teen die gesag wat ten diepste van die Here kom. Op die vraag wat eis die vyfde gebod, antwoord die Heidelbergse Kategismus so treffend: *Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp. Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê, omdat God ons deur hulle wil regeer.*

God wil dat ons die eerste beginsels in die gesonde leer gehoorsaam, daar waar dit vir ons die maklikste is, in die warm, liefdevolle atmosfeer van die huisgesin, waar die liefde tussen ouers en kinders spontaan en vanselfsprekend is. Waar ouers hulle kinders reeds liefgehad het, selfs nog voor hulle gebore is. Soos God ons in Christus liefgehad het, toe ons nog sondaars was.

*Sing: Psalm 34:6 (Totius)*

*Ds. MP Harris (Emeritus)*